**NOTULE VAN TAKVERGADERING GEHOU OP 6 SEPTEMBER 2017 TE SOUTPANSBERG GOLF KLUB**

**1. VERWELKOMING**

Charles Pieterse open met gebed en verwelkom almal. Notule van vorige vergadering en Agenda van hierdie vergadering is aangestuur per epos. Charles vra of iemand beswaar het teen hierdie toekomstige reëling - Niemand het beswaar.

**2. PRESENSIE LYS , VERSKONINGS en KONSTITISIONERING**

1. Charles nooi lede uit om die presensie lys te teken;
2. Verskonings:
   - 2.1 Barend Lombard;
   - 2.2 Gerhard du Plessis;
   - 2.3 Dr Len van der Waldt;
   - 2.4 Marko Void;
   - 2.5 Pieter de Bruin;
   - 2.6 Andre Breytenbach;
   - 2.7 Coenie en Lenie Burger;
   - 2.8 Renet Rademeyer;
   - 2.9 Ben en Jenet van der Merwe;
   - 2.10 Sakkie Muller;
   - 2.11 Bennie van der Merwe;
   - 2.12 Gerhard Oosthuizen;
   - 2.13 Jadranko Jakovlev;
   - 2.14 Peet du Toit;
   - 2.15 Wors Oosthuizen;
   - 2.16 Michiel Roos.
3. Charles bevestig ons is ‘n kworum.

**3. LIEF EN LEED:**

- Braam Dekker se Moeder Tannie Elenore is oorlede. Ons bid en dink aan hulle in hierdie hartseer tyd;

- Tiny Rademeyer is verkies om aan SA's te gaan deelneem vir lug geweer skiet. Charles vra namens haar dat die lede haar borg, as hulle kan, sodat sy kan bywoon.

**4. BESPREKING VAN AGENDA EN TOEVOEGING VAN AANVULLENDE SAKELYS**

Die agenda word oop gelos;

By 7. Nuwe Lede het ons aansoek ontvang van George Bothma;

By Korrespondensie het daar vandag Lethaba Groepering Korrespondensie ingekom;

Korrespondensie ook van Michael Rademeyer van Crooks Corner, in Musina, wat n skietdag aanbied;

Terugvoering van die Junior 1 kursus se tentatiewe datums;

Skut van die jaar moet bespreek word;

Terugvoer rakende die wildsete;

Volgende CHASA opleidings datums.

**5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE AANGESTUUR PER E-POS AAN DIE LEDE**

Tyd word slegs toegelaat vir wysigings aangesien notule vooraf per epos aan lede gestuur was, as daar enige beswaar is om dit so te hanteer moet dit verkieslik onder aandag van voorsitter kom voor die vergadering.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND**

6.1 Terugvoer op skole besoek – Charles gee terugvoer namens Michiel Roos wat nie teenwoordig is nie. Tiny Rademeyer het vergesel. Die CVO sowel as Laerskool Louis Trichardt is besoek om Junior lede te werf. Baie goeie ontvangs gehad by die CVO skool. Ons verwag dat leerlinge van al twee skole die Junior 1 kursus sal bywoon.

6.2 Terugvoer op Wildsete – Charles bedank Lia Holtzhausen en Ben vir al hul harde werk om die aand 'n sukses te maak.

**7. LEDEWERWING EN LEDE REGISTER**

NUWE LEDE:

George Bothma genomineer deur Pieter Conen en Barend Prinsloo.

Geen beswaar is aangeteken nie. Charles verwelkom hom.

NUWE TOEGEWYDE JAGTERS

Emiel Grundlingh het prakties sowel as teoreties voltooi.

Geen beswaar aangeteken nie. Charles wens hom geluk.

**8. NUUSBRIEF / SKAKELBEAMPTE**

8.1 Stuur asseblief jag foto's en stories aan Marie Mostert vir die nuusbrief/tydskrif

8.2 Haar besonderhede is soos volg:

Epos: marie@lawproc.com

Sel: 074 114 8270

8.3 Ons eerste nuusbrief is reeds saamgestel en ons sal poog om voor 15 September 2017 uit te stuur;

8.4 Ons het die proforma na uitvoerend geneem en hul was baie beïndruk;

8.5 Charles bedank die lede wat bygedra het;

8.6 Charles nooi wildbewaring om ook 'n bydra te maak;

8.7 Marie Mostert vra dat as die lede grappies, resepte, grappige stories ens. het dat hulle dit per epos aanstuur vir die volgende uitgawe.

**9. KORRESPONDENSIE**

9.1 30 Augustus 2017 Meelewing

9.2 1 September 2017 Africa Hunting Deals & Offers

9.3 6 September 2017 Letaba Groepering Skiet

9.4 6 September 2017 Crooks Corner Skietdag

9.5 Charles vra of daar lede is wat nie die eposse kry nie. Geen lede dui aan dat hulle nie die eposse ontvang nie.

**10. OPLEIDING**

10.1 Terugvoering oor CHASA kursus uitslae – Gerald Marallich bevestig daar was 3 lede wat opgedaag het vir die kursus. Kate Beids, Marko Kotze en Neil Grundling. Al 3 het hul prakties voltooi en Kate het goud geskiet op sy eerste probeerslag.

Die volgende voorgestelde datum is 24 - 26 Oktober 2017. Daar was ook voorstelle dat dit oor 'n naweek gehou word. Dus is 'n ander moontlike datum 28 Oktober 2017. Kontak vir Gerald of Lia om te bespreek.

Charles vra of daar lede teenwoordig is wat wil bywoon en niemand het aangedui nie.

10.2 Die Junior 1 kursus sal dan tentatief 29 en 30 September 2017 wees.

**11. SKIET EN SKIETBAAN**

11.1 23 September 2017 Vivo Skietdag by Wouter van Amstel ± 15 km van VIVO af aan die regter kant. Daar sal 4 bane wees van 50m tot 200m vir jaggeweer met ’n rooibok en ’n bobbejaan op. Daar is ’n bos baan waar daar 5 diere teikens is met afstande van 25 to 50m wees. Daar sal ook ’n pistool baan wees en ’n .22 baan. 25 rondtes nodig vir jaggeweer, 15 rondtes vir .22 en 10 rondtes vir die pistool. Die skiet gaan 8:00vm begin.

Inskrywings is R50 en kinders skiet gratis. Dis deel van die skut van die jaar kompetisie.

11.2 16 September 2017 Intertak sal in Pietersburg op hulle skietbaan gehou word. Michiel Rademeyer dui aan dat hulle belang stel om te gaan.

11.3 29-30 September 2017 Letaba Groepering

11.4 28 Oktober 2017 Skut van die Jaar In Franschhoek. Was in die verlede oor 2 kompetisies gehou. Aan die begin van die jaar is besluit dit sal oor 3 kompetisies gehou word maar net jou twee beste tellings sal in ag geneem word vir die finale tellings. Michael Rademeyer maak beswaar oor die feit dat die vorige skiet op Franschhoek as ’n skut van die jaar dag aangedui was op die jaarplan en toe op die dag is daar aangedui dat dit nie ’n skut van die jaar dag is nie. Charles en Ampie bevestig dit was ’n skut van die jaar dag en die tellings is aangeteken.

11.5 Charles vra dat daar ’n skrywe aan die lede gestuur word aangaande hoeveel patrone benodig sal word vir die skietdae.

**12. SOSIAAL**

Terugvoering rakende Impala aand – Charles vra verskoning vir die laat braai weens die vuur wat nie reg was nie. Lede dui aan dat hulle weer ’n Impala aand sal wil hou.

**13. TROFEE MEET**

Trofee meet kompetisie 14 Oktober 2017. Inskrywings by Jannie

## 14. NUWE SAKE

Terugvoer vanaf uitvoerend se vergadering rakende takstigting, 'n Ellisras tak stigting, dit klink of daar 'n behoefte is van lede, SA Jagters wat ongelukkig is daar, oor hoe dit tans daar bedryf word en hoe hulle behandel word van SA Jagters af en hulle wil afskei daarvan. Hulle het toe met CHASA se voorsitter, Stephen Phallos gesels en goedgedink om BJV op te stoot, so 7 takke gaan 8 word, waar die 8ste tak Ellisras is, sodra daar genoeg getalle gekry word sal dit in 2 takke gedeel word. Reeds 6 mense is geïdentifiseer oor die stigting van daardie tak en die geweer winkel eienaar vat Ellisras sal die voorsitter word van daardie tak. Hulle sal na die takstigting 'n skietdag gehou word, korrespondensie sal ons ontvang, ons sal genooi word en ons sal dalk 'n besoek gaan aflê. Met hulle Skiet en Skietbaan gaan hulle nie hierdie jaar 'n span inskryf vir die CHASA se skietdag of skiet kompetisie wat jaarliks in Bloemfontein gehou word nie, dit word geskuif na Kaap tak toe, die kostes is teveel vir die vervoer vir die gewere, daar sal sekerlik nie baie spanne inskryf nie aangesien die reiskostes teveel is. Die opleiding is daar 'n spoorsluit kursus wat aangebied gaan word, op Klein Baloyi 19 November 2017, ongelukkig is daar net plek vir 3 per tak en het hulle gevra dat ons voorwaar die opleidings beamptes en instrukteurs wat betrokke is by die opleiding stuur om na die tyd die opleiding wat ons dan kan aanbied vir ons lede. Daar sal 1junior wees en 3 instrukteurs sal saamgevat word. Daar sal na die 19de November 2017 wees, datums sal gestel word om te gaan vir die opleiding. Uitvoerend se AFJ sal skuif vir na die bosberaad omdat daar so baie besluite geneem word op die bosberaad, die datum is nog nie vasgemaak nie. Uitvoerend se AJV sal skuif na vroeg in Februarie 2018. Charles deel mee in terme van die grondwet kan dit nie net geskuif word nie en wil weet of daar 'n beswaar is as dit sou skuif. Die vraelyste is vlugtig bespreek, die datum wat hulle ontvang het was baie kort, en het hulle nie baie tyd gehad om dit deur te werk nie, hulle gaan per tak terugvoering gee met statistieke verbonde daaraan en persentasie gewys hoeveel mense al hulle vrae beantwoord het, so sodra ons daardie resultate kry sal ons dan ook aanpas maak op wat ons lede vereis. Ons tak het 2de minste van die vraelyste ingevul.

## 15. FINANSIES

Gerald gee terugvoering oor begroting en die voorstelle soos deurgegee by vorige uitvoerende vergadering oor die stand van sake. Daar gaan gekyk word om fondse beskikbaar te stel terug na die takke, die bedrag is nog nie vasgemaak nie. Daar sal dan gekyk word om daardie fondse te gebruik vir die Junior opleiding om ons Juniors meer betrokke te kry by die tak, bedrae rakende dit sal na die bosberaad bekend gemaak word. Daar is ook ingegee rakende hulle foute wat hulle

ons wou faktureer. Geen onvoorsiene uitgawes het opgeduik het nie. Gerald dink met Junior en Junior 2 opleiding in plek val sal dit aansienlik aankom. Boeke is nog by ouditeure en geen foute is opgetel nie, daar sal ook nog deur ons lêers gaan.

Geldmark: R 218,546.83

Lopende Rekening: R 6,833.14

Kleinkas: R 5,319.84

**16. FONDSINSAMELING**

Barend sou hanteer het, maar het hy verskoning gemaak. Charles meld aan van die volgende vergadering af is daar 'n lys van 'n aksieplan wat opgestel is vir die fondsinsameling. Charles is hoof by uitvoerend vir fondsinsameling oorkoepelend en baie voete wat gesleep word. Meer geld kan ingesamel word as hulle net die regte benaderings het. As ons huidige vise president Johan Kapp byvoorbeeld, wat ook nou die voorsitter is van CHASA is en Stephen Phoallos is die hoof uitvoerende beampte, as hulle saam met die BJV gaan byvoorbeeld, na die Wildlife SA en hulle kry 'n bok om op te vyl vir liefdadigheid, het hulle skielik baie geld wat kan deurgaan na die take en jeug. Die probleem is net asof jy die manne trek met 'n tou. Ons het toe besluit dat elke tak nou 'n fondsinsameling persoon kry op sy komitee, ons het sommer 2, Gerald en Barend Lombard. Ons het reeds vergadering gehou in ons tak, daar gaan goedjies uitgaan, onder andere een gedagte of "breinkind" wat Charles gehad het, genaamd die "Projek Skenk 'n Rooibok of Project Donate an Impala" waar ons die verskeie mense vra om 'n rooibok te skenk aan ons jeug, om gelde te vorder.

**17. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING**

4 Oktober 2017 Golfklub om 18:00

**18. AFSLUITING**

Charles sluit af met gebed